5. Visie .....	41
6. Missie .....	41
7. Waardes .....	41
8. Situasionele ontleding .....	41
8.1. Eksterne-omgewingsontleding .....	41
8.2. Interne-omgewingsontleding .....	52
<b>DEEL C: METING VAN ONS PRESTASIE .....</b>	<b>44</b>
9. Inligting oor institusionele prestasie .....	44
9.1. Meting van die impak .....	44
9.2. Meting van uitkomste .....	44
9.3. Verduideliking van beplande prestasie oor die vyfjaarbeplanningstydperk .....	44
10. Sleutelrisiko's en versagtings .....	45
11. Openbare entiteite .....	45
<b>DEEL D: BESKRYWINGS VAN TEGNIESE AANWYSERS .....</b>	<b>46</b>

## VERKLARING DEUR UITVOERENDE GESAG

Die Wes-Kaapse Taalkomitee (WKTK) staan aan die voorpunt vir die bewaring en bevordering van die taalkundige diversiteit van ons provinsie, en erken dat taal 'n belangrike draad is wat identiteit, gemeenskappe en geleenthede verweef.

Hierdie 5-jaar- Strategiese Plan weerspieël ons toewyding om die Komitee se werk met die prioriteite van die provinsiale regering te belyn. Ons streef daarna om deur taal betekenisvol tot ekonomiese groei, openbare veiligheid en die algemene welsyn van ons inwoners by te dra.

Die bevordering van tale skep geleenthede vir ekonomiese insluiting, veral vir gemarginaliseerde groepe en persone met gestremdhede. Deur duidelike kommunikasie bou taal vertrouwe tussen wetstoepassing en gemeenskappe vir hulp met misdaadvoorkoming. Inisiatiewe soos die Funda Mzantsi-program demonstreer die transformatiewe krag van taal en geletterdheid in die rehabilitasie en vaardigheidsontwikkelings vir oorreders. Taal staan integraal in kulturele identiteit en sielkundige veerkrachtigheid. Deur moedertale te vier dra die WKTK by tot die koestering van waardigheid, 'n gevoel van behoort, en samewerkende gemeenskappe

Deur veeltaligheid te bevorder, maatskaplike insluiting te koester en individue te bemagtig verseker die Komitee dat tale 'n belangrike werktuig is en bly om potensiaal te ontsluit en gemeenskappe te versterk.

Ons missie om die gebruik van die drie amptelike tale van die Wes-Kaap te monitor en te bevorder, saam met gemarginaliseerde tale soos dié van die San en Khoi, verseker dat ons

veeltalige erfenis floreer. Hierdie toewyding word verder versterk in ons onderneming om Suid-Afrikaanse Gebaretaal te bevorder en taalkundige diversiteit deur opvoedkundige, samewerkings- en bewusmakingsveldtogte te vier.

Hierdie Strategiese Plan stel ook innoverende prioriteite bekend, soos vennootskappe met akademiese instellings, geteikende opleidingsprogramme en die viering van beduidende taalverwante datums. Hierdie pogings is daarop gemik om gesamentlik die gewenste impak van die WKTK te behaal, naamlik bemagtigde individue, samewerkende gemeenskappe en 'n provinsie waar taalkundige diversiteit 'n kenmerk van vooruitgang is.

As die uitvoerende gesag onderskryf ek hierdie Strategiese Plan met vertrouwe en vasberadenheid. Dit is 'n padkaart tot 'n meer inklusiewe en taalkundig lewenskrachtige Wes-Kaap, en ek is tot die implementering hiervan verbind. Saam sal ons die visie van 'n provinsie waar taal die brug tot geleenthede, eenheid en waardigheid is, bevorder



**Ricardo Mackenzie**  
**Uitvoerende Gesag van die Wes-Kaapse**  
**Taalkomitee**

## VERKLARING DEUR REKENPLIGTIGE GESAG

Die Wes-Kaapse Taalkomitee bied sy Strategiese Plan vir die tydperk 2025/26-2029/30 aan, in ooreenstemming met die Wet op Openbare Finansiële Bestuur (WOFB), 1999 (Wet 1 van 1999) en die Regulasies van die Nasionale Tesourie. Die Taalkomitee se voorgestelde strategiese doelwitte belyn met magte en verantwoordelikhede wat in die Wes-Kaapse Provinsiale Talewet, 1998, uiteengesit is. Die hoofdoelwitte is om die implementering van die Wes-Kaapse Taalbeleid te bevorder en die provinsiale minister oor taalkwessies in die Wes-Kaap van raad te bedien.

Die WKTK is 'n statutêre entiteit wat in die lewe geroep is om veeltaligheid, taalgelykheid en die bevordering van die drie amptelike tale in die Wes-Kaap te bevorder. Die Komitee stel hulleself 'n provinsie voor wat taal- en kulturele diversiteit vier, alle amptelike tale billik bevorder, die bewaring van inheemse tale bevorder en stelselmatig taalgrense en hindernisse afbreek om sosiale samehorigheid en inklusiwiteit te bevorder.

Die strategiese fokus van die WKTK vir die tydperk 2020 tot 2024 was om die basis vir betekenisvolle taalontwikkeling te skep. Kernhoogtepunte het die bewusmaking van die waarde van veeltaligheid vir die publiek deur veldtogte, werkwinkels en gemeenskapsbetrokkenheid ingesluit. Die Komitee het op die bevordering van inheemse tale gefokus deur die gebruik van isiXhosa, Nama en Suid-Afrikaanse Gebaretaal (SAGT) deur kapasiteitsbou en samewerking aan te moedig. Voorts is sterk klem op die implementering van beleid gelê, wat die monitering en bevordering van die implementering van die Wes-Kaapse Taalbeleid in Wes-Kaapse regeringsinstellings ingesluit het. Ons het ons groter samewerking gevier deur plaaslike belanghebbendes te betrek, wat die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad (PanSAT), DeafSA, die Iziko-museum, die Departement van Korrektiewe Dienste, die Wes-Kaapse Onderwysdepartement, die Kaapse Skiereiland Universiteit van Tegnologie

en die Universiteit van Wes-Kaapland ingesluit het, om nasionale en provinsiale taalinisiatiewe te bevorder. Die evaluering en monitering van afgehandelde projekte sal belyning bevestig met die doelwitte wat vir die nuwe termyn gestel is.

Soos ons in die 2025/30- strategiese tydperk inbeweeg, sal die WKTK op afgehandelde prestasies voortbou en ons pogings om ons visie te bereik, versterk. Kernprioriteite vir die komende tydperk sal op die ontwikkeling en bevordering van veeltaligheid, die bevordering van die SAGT, en die ontwikkeling en bevordering van gemarginaliseerde tale gerig wees. Hierdie inisiatiewe dra by tot die beskerming en behoud van erfenis- en kultuuridentiteit deur taal.

Ek wil die uitgaande komitee bedank vir hulle grootse pogings tydens hulle bestuur tyd, en wens terselfdertyd die nuwe komitee alles van die beste toe. Ons is seker dat dié komitee ook baie goed met die provinsiale minister sal saamwerk en tot die bevordering van maatskaplike samehorigheid in lyn met die Strategiese Plan en uitkomst van die Departement van Kultuursake en Sport (DKES) verbind sal bly. Dit sal haalbaar wees deur gereelde betrokkenheid by en die ontwikkeling van platforms wat taal vir alle inwoners van die Wes-Kaap toeganklik sal maak.



**Genevieve Lentz**

**Voorsitter van die Wes-Kaapse Taalkomitee**

## AMPTELIKE AFTEKENING

Hiermee word gesertifiseer dat hierdie Strategiese Plan:

- Deur die bestuur van die Wes-Kaapse Taalkomitee, onder die leiding van Minister Ricardo Mackenzie, ontwikkel is
- Alle tersaaklike beleide, wetgewing en ander mandate waarvoor die Wes-Kaapse Taalkomitee verantwoordelik is, oorweeg
- Die uitkomste en uitsette wat die Wes-Kaapse Taalkomitee streef om oor die 2025-2030-tydperk te bereik, akkuraat weerspieël.




---

**Brenda Rutgers**  
Hoof- Finansiële Beampte (HFB)




---

**Genevieve Lentz**  
Vorsitter van die WKTK namens die rekenpligtige beampte




---

**Guy Redman**  
Rekenpligtige Beampte van die Departement van Kultuursake en Sport

Goedgekeur deur:




---

**Ricardo Mackenzie**  
Uitvoerende Gesag van die WKTK

## AKRONIEME

<b>DKES</b>	Departement van Kultuursake en Sport
<b>G4J</b>	Groei-vir-Werk
<b>HFB</b>	Hoof- Finansiële Beampte
<b>IKB</b>	Innovering, kultuur en bestuurstoestig
<b>JBP</b>	Jaarlikse bedryfsplan
<b>JPP</b>	Jaarlikse prestasieplan
<b>LUR</b>	Lid van die Uitvoerende Raad
<b>MTOP</b>	Mediumtermyn-ontwikkelingsplan
<b>MTSR</b>	Mediumtermyn- Strategiese Raamwerk
<b>NOP</b>	Nasionale Ontwikkelingsplan
<b>OIB</b>	Ondernemingsinhoudsbestuur
<b>PanSAT</b>	Die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad
<b>PSIP</b>	Provinsiale Strategiese Implementeringsplan
<b>PSP</b>	Provinsiale Strategiese Plan
<b>PTK</b>	Provinsiale Taalkomitee
<b>RNE</b>	Regering van Nasionale Eenheid
<b>SAGT</b>	Suid-Afrikaanse Gebaretaal
<b>Unesco</b>	Verenigde Nasies se Opvoedkundige, Wetenskaplike en Kulturele Organisasie
<b>VOD</b>	Volhoubare Ontwikkelingsdoelwitte
<b>WOFB</b>	Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999
<b>WBPI</b>	Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting, 2013
<b>WKR</b>	Wes-Kaapse Regering
<b>WKTK</b>	Wes-Kaapse Taalkomitee

## 1. GRONDWETLIKE MANDAAT

Artikel	Beskrywing
<b>Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996</b>	
Artikel 6(3), (4) en (5): Taal	<p>Die Wes-Kaapse Regering moet volgens wetgewende en ander maatreëls sy gebruik van amptelike tale reguleer en monitor. Alle amptelike tale moet gelykheid van waarde geniet en billik behandel word. Die WKTK werk met die PanSAT saam om die drie amptelike tale van die provinsie te bevorder en toestande vir die ontwikkeling en gebruik van die Khoi-, Nama- en San-tale en SAGT te skep.</p> <p>Die WKTK is in samewerking met die DKES verantwoordelik vir die monitering en evaluering van die implementering van die Wes-Kaapse Taalbeleid wat in 2001 aangeneem is, en moet minstens een keer per jaar oor hierdie mandaat aan die Wes-Kaapse Parlement verslag doen. Die DKES het oorsig oor die WKTK en voorsien die Komitee van administratiewe en finansiële steun.</p>
Artikel 30: Taal en kultuur	Die WKTK fasiliteer geleenthede vir die mense van die Wes-Kaap om hulle taal- en kultuurregte uit te oefen deur die programme en projekte wat dit aanbied en ondersteun.
Artikel 31: Kulturele, godsdienstige en taalgemeenskappe	Die WKTK moet verseker dat sy programme en projekte die kulturele diversiteit van die bevolking van die Wes-Kaap respekteer.
Artikel 41: Beginsels van samewerkende regering en interregeringsverhoudings	Die WKTK werk met alle regeringsfere saam in die uitvoering van sy mandaat.
Bylae 4: Funkzionele gebiede van same lopende nasionale en provinsiale wetgewende bevoegdheid	Die WKTK werk oor taalbeleidsake ten nouste met die Nasionale Departement van Sport, Kuns en Kultuur en ander tersaaklike staatsorgane saam wat betref taalbeleid en die regulering van amptelike tale tot die mate dat die bepalinge van artikel 6 van die Grondwet uitdruklik wetgewende bevoegdheid aan die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement gee.
Artikel 195: Basiese waardes en beginsels wat openbare administrasie beheer	Amptenare van die DKES wat vir die steun en uitvoering van die mandaat van die WKTK verantwoordelik is, moet die doeltreffende, ekonomiese en doelmatige gebruik van hulpbronne verseker. Programme wat in die openbare sektor onderneem word, moet maksimale voordele teen die laagste moontlike koste lewer.

Artikel	Beskrywing
<b>Grondwet van die Wes-Kaap, 1997 (Wet 1 van 1998)</b>	
Artikel 5	<p>Vir die doeleindes van die Wes-Kaapse Regering:</p> <p>a) Moet die amptelike tale, naamlik, Engels, isiXhosa en Afrikaans gebruik word; en</p> <p>b) Moet die tale gelyke status geniet.</p> <p>Die WKTK moet die gebruik van isiXhosa, Afrikaans en Engels in die Wes-Kaap monitor.</p> <p>Die WKTK moet ook praktiese en positiewe maatreëls implementeer om die status te help lig en die gebruik van daardie inheemse tale van die Wes-Kaap bevorder waarvan die status en gebruik histories minderwaardig hanteer is.</p>
Artikel 81(d)	<p>Die Wes-Kaapse Regering moet beleide aanneem en implementeer om die welsyn van die mense van die Wes-Kaap aktief te behou en te bevorder, insluitend beleide wat op die bereiking van die bevordering van respek vir die regte van kultuur-, geloofs- en taalgemeenskappe in de Wes-Kaap gemik is.</p>

## 2. WETGEWENDE EN BELEIDSMANDATE

### 2.1 Wetgewende mandate

Wetgewing	Verwysing	Beskrywing
Grondwet Agttiende Wysigingswet	Wet 3 van 2023	Die Wet wysig artikel 6 van die Grondwet, 1996, deur die byvoeging van Suid-Afrikaanse Gebaretaal as een van die amptelike tale van Suid-Afrika.
Wet op die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad	Wet 59 van 1995	Hierdie Wet stipuleer onder andere dat die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad (PanSAT) 'n Provinsiale Taalkomitee (PTK) in elke provinsie in die lewe moet roep. Die WKTK word deur PanSAT as die PTK vir die Wes-Kaap erken. Dit voorsien PanSAT met raad oor taalkwessies in die Provinsie.
Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting (WBPI)	Wet 4 van 2013	<p>Die Wet bevorder die beskerming van persoonlike inligting wat deur openbare en privaat liggame verwerk is/word; om sekere situasies bekend te stel om sodoende minimum vereistes vir die verwerking van persoonlike inligting in te stel. Daarby maak die Wet voorsiening vir die instelling van 'n Inligtingsreguleerder om sekere magte en funksies in ooreenstemming met hierdie wet en die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000, uit te oefen.</p> <p>Die maak voorts voorsiening vir die uitreiking van gedrag-skodes; vir die regte van mense rakende ongevreagde elektroniese kommunikasie en geoutomatiseerde besluitneming; om die vloeï van persoonlike inligting oor die grense van die Republiek van Suid-Afrika te reguleer en vir verwante sake voorsiening te maak.</p>

Wetgewing	Verwysing	Beskrywing
Wet op Openbare Finansiële Bestuur (WOFB)	Wet 1 van 1999	Die WKTK moet kwartaal- en jaarverslae oor sy prestasies, en geouditeerde finansiële state gegrond op die strategiese jaarlikse doelwitteikens vir elke boekjaar lewer.
Wet op die Suid-Afrikaanse Taalpraktisynsraad, 2014	Wet 8 van 2014	Wanneer die Suid-Afrikaanse Taalpraktisynsraad gevestig is, sal dit onder andere die mag hê om taalpraktisyns te reguleer en te akkrediteer; om 'n gedragskode in te stel en om die taalpraktyk te reguleer.
Wet op Tradisionele en Khoi-San-leierskap	Wet 3 van 2019	Die Wet maak voorsiening vir: <ul style="list-style-type: none"> <li>• die erkenning van tradisionele en Khoi-San-gemeenskappe, leierskapposisies, en vir die onttrekking van sodanige erkenning</li> <li>• die funksies en rolle van tradisionele en Khoi-San-leiers</li> <li>• die erkenning, vestiging, funksies, rolle en administrasie van koning- en koninginskapsrade, hoof- tradisionele rade, Khoi-San-rade en tradisionele subrade, asook die steun aan sodanige rade</li> <li>• die vestiging, samestelling en funksionering van die Nasionale Huis van Tradisionele en Khoi-San-leiers</li> <li>• die vestiging van provinsiale huise van tradisionele en Khoi-San-leiers</li> <li>• die vestiging en bedryf van die Kommissie oor Khoi-San-sake</li> <li>• 'n gedragskode vir lede van die Nasionale Huis, provinsiale huise, plaaslike huise en alle tradisionele en Khoi-San-rade en</li> <li>• Regulatoriese magte van die Minister en premiers.</li> </ul>
Wet op die Gebruik van Amptelike Tale	Wet 12 van 2012	Hierdie Wet is spesifiek van toepassing op nasionale departemente, nasionale openbare entiteite en nasionale openbare ondernemings. Indien aspekte van die Wet 'n impak op taalbeleid en -praktyk in die Wes-Kaap sou hê, sal die WKTK 'n mandaat hê om 'n rol te speel.
Wes-Kaapse Provinsiale Talewet	Wet 13 van 1998	Die WKTK moet onder andere: <ul style="list-style-type: none"> <li>• die gebruik van Afrikaans, Engels en isiXhosa deur die Wes-Kaapse Regering monitor</li> <li>• aanbevelings aan die LUR (Lid van die Uitvoerende Raad) en die provinsiale parlement maak oor enige voorgestelde of bestaande wetgewing, praktyk en beleid wat taal in die Wes-Kaap beïnvloed</li> <li>• die beginsel van veeltaligheid aktief bevorder</li> <li>• die ontwikkeling van voorheen gemarginaliseerde inheemse tale aktief bevorder</li> <li>• die LUR en die Wes-Kaapse Kultuurkommissie oor taalsake in die provinsie van raad bedien en</li> <li>• PanSAT oor taalsake in die Wes-Kaap adviseer.</li> </ul>

## 2.2 Beleidsmandate

Beleid	Beskrywing
Gedragkode vir WKTK-lede	Die primêre doel van die Kode is om voorbeeldige gedrag onder die lede te bevorder om sodoende die WKTK institusionele geloofwaardigheid te gee.
Ondernemingsrisikobestuurstrategie en Implementeringsplan	Om die vereistes van die WBOF, Wet 1 van 1999, artikel 51(1)(a)(i) in werking te stel wat dit stel dat die rekenpligtige gesag moet verseker dat die entiteit 'n doeltreffende en doelmatige en deursigtige stelsel van risikobestuur en interne kontrole het en behou.
Finansiële delegasies	Delegasie van mag wat deur die Rekenpligtige Gesag ingevolge artikel 44(1) en 44(2) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999, uitgereik is.
Bedrogvoorkomingsplan	Die beleid maak voorsiening vir responsmeganismes om insidente van bedrog wat 'n impak op die entiteit het, te rapporteer, te ondersoek en op te los.
Wesenlikheidsraamwerk	Daar word van die rekenpligtige gesag vereis om met die uitvoerende gesag in oorleg met eksterne ouditeure 'n raamwerk van aanvaarbare vlakke van wesenskap en sinvolheid te ontwikkel en daarvoor ooreen te kom.
Nasionale Taalbeleidsraamwerk (2003)	Hierdie beleid maak voorsiening vir 'n nasionale raamwerk vir die toepassing van die bepalings van die Grondwet en wetgewende mandate aan alle staatsorgane, insluitend die WKTK. Dit sit ook beginsels en implementeringstrategieë uiteen wat gevolg moet word.
Vergoeding van lede	Om betaling aan lede van die WKTK wat genomineer is om konferensies, projekte, vergaderings en werkwinkels namens die entiteit by te woon, te fasiliteer.
VKB-delegasie	Delegasie van mag wat in ooreenstemming met artikel 44(1) en 44(2) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999, deur die Rekenpligtige Gesag uitgereik is.
Voorsieningskettingbestuur	Om voorsieningskettingbestuur binne die entiteit te reguleer.
Wes-Kaapse Taalbeleid (gepubliseer in die Provinsiale Koerant as PK 369/2001 van 27 November 2001)	Die WKTK is verplig om die implementering van hierdie beleid te monitor.

### INTERNASIONALE EN NASIONALE BELEIDSKONTEKS

Die vyfjaarplan van die Komitee is 'n aanduiding van die Mediumtermyn-ontwikkelingsplan (MTO) 2025-2030, wat die implementeringsplan vir die Nasionale Ontwikkelingsplan (NOP) is, in ag.

Die NOP is daarop gemik om teen 2030 armoede uit te skakel elimineer en ongelikheid te verminder. Die Visie 2030 van die Nasionale

Ontwikkelingsplan verklaar ook dat die kunste, kultuur en erfenis geleentheid bied om uitkomst na te streef wat oor sosiale samehorigheid, inklusiwiteit en nasiebou handel.

Voorts is die Verengde Nasies se Volhoubare Ontwikkelingsdoelwitte (VOD's) 17 nie-bindende globale doelwitte wat met die NOP

en Provinsiale strategiese Plan belyn is. Die werk van die komitee rondom die bevordering, ontwikkeling en bewaring van tale as 'n medium

van kommunikasie is 'n belangrike skakel in die onderstaande doelwitte van die NOP en VOD:



### Afrika-agenda 2063

Die werk van die komitee belyn eweneens met die Afrika-agenda 2063, wat 'n strategiese raamwerk is wat op die transformering van Afrika, met die fokus op inklusiewe groei en volhoubare ontwikkeling gemik is. Die fokus van die komitee op die bevordering, ontwikkeling en bewaring van tale speel om verskeie redes 'n beduidende rol in hierdie agenda. Agenda 2063 beklemtoon die belangrikheid van die bevordering van Afrikatale as 'n middel om kulturele erfenis te bewaar. Die waardering van taaldiversiteit bevorder 'n sin van identiteit en trots in gemeenskappe. Die agenda maak voorspraak vir gehalte opvoeding wat Afrikatale insluit. Deur opvoeding in plaaslike tale te voorsien, kan meer en meer individue toegang tot leer verkry en sodoende word geleterdheid en opvoedkundige uitkomst verbeter.

Die bevordering van veeltaligheid kan sosiale samehorigheid verbeter word deur respek en begrip tussen diverse etniese en taalgroepe

te bevorder. Dit is uiters belangrijk vir die verbetering van vrede en stabiliteit oor die hele kontinent heen.

### Oorsig oor die MTOP 2024-2029

Die MTOP 2024-2029 dien as die vyfjaarstrategiese plan vir Suid-Afrika se 7de administrasie onder die Regering van nasionale Eenheid (RNE), wat saamgestel is ná die algemene verkiesing van 29 Mei 2024. Dit dien as die implementeringsraamwerk vir die Nasionale Ontwikkelingsplan (NOP): Visie 2030, wat met die doelwitte daarvan belyn is en die ontwikkelingsuitkomst en ekonomiese groei beklemtoon.

Die MTOP vervang die Mediumtermyn-Strategiese Raamwerk (MTR) en is ontwerp om op minder en hoëvlakingsgrypings te fokus om meetbare resultate te bereik. Dit is op 29 Januarie 2025 deur die Kabinet Lekgotla ("Cabinet Lekgotla") goedgekeur en is om die volgende drie kern- strategiese prioriteite gestruktureer:

1. Inklusiewe groei en werkskepping (Apex – prioriteit) – wat ekonomiese ingrypings oor alle regeringsfere heen dryf.
2. Verminder armoede en takel die hoë lewenskoste – wat sosiale beskerming en ekonomiese inklusiwiteit verseker.
3. Bou 'n bevoegde, etiese en ontwikkelingstaat – verbeter bestuurstoestig, wet en orde en instaatstellende infrastruktuur.

Die Wes-Kaapse Regering (WKR) bely sal sy strategieë met die prioriteite van die MTOP en onderhou terselfdertyd sy eie provinsiale mandate as volg deur die Provinsiale Strategiese Plan (PSP) en die Provinsiale Strategiese Implementeringsplan (PSIP):

- Ekonomiese groei en werkskepping: WKR sal daartoe bydra deur die provinsiale

ekonomiese beleide, die aantrekking van investering, vaardigheidsontwikkeling, en infrastruktuurprojekte wat die nasionale fokus op inklusiewe groei ondersteun.

- Vermindering van armoede en maatskaplike intervensies: Die WKR se maatskaplike ontwikkelingsprogramme, gesondheidsinisiatiewe en opvoedingshervormings sal met die nasionale klem op die verlagings van die lewenskoste bely sal.
- Bou 'n bevoegde staat: Die WKR se bestuurstoesiginnewering, diensleweringdoeltreffendheid en regulatoriese raamwerke sal die nasionale doelwit van die versterking van die institusionele bevoegdheid en etiese leierskap ondersteun.

Die bydrae van die Komitee tot die bereiking van die drie MTOP-prioriteite is as volg:

MTOP-priorite	Bydrae van komitee
<b>Prioriteit 1: Inklusiewe groei en werkskepping</b>	<p>Deur inisiatiewe om taal te bevorder dra die Komitee op die volgende maniere by tot hierdie prioriteit:</p> <p>Sameweking met organisasies aan projekte wat dikwels die aanbieding van verskillende taalopvoedkundige leerstof en onderrigprogramme insluit. Dit verbeter die toegang vir inwoners en rus hulle toe met kommunikasie- en ander vaardighede vir verskeie nywerhede wat wesenlik belangrik vir indiensneming is.</p> <p>Taalopvoeding en vaardighedsopleiding is wesenlike komponente vir werkskepping, veral wanneer vryhandelsooreenkomste tot oorgrens-werkmobiliteit of 'n toenemende aanvraag vir gespesialiseerde vaardighede lei.</p>
<b>Prioriteit 2: Verminder armoede en takel die hoë lewenskoste</b>	<p>Deur inisiatiewe om taal te bevorder dra die Komitee op die volgende maniere by tot hierdie prioriteit:</p> <p>Inspireer inwoners om 'n sin van behoort te voel en identifiseer en moedig die groei van klein ondernemings en entrepreneurs aan. Dit kan plaaslike ekonomieë stimuleer, werk skep en goedere en dienste teen laer koste verskaf.</p> <p>Bevorder gemeenskapsbetrokkenheid en samewerking, wat tot kollektiewe aksie in die oplossing van plaaslike kwessies soos behuising, vervoer en toegang tot hulpbronne lei. Dit kan tot inisiatiewe lei wat die lewenskoste help verlaag.</p> <p>Bevorder 'n inklusiewe omgewing waar elkeen na waarde geag voel. Hierdie sosiale samehorigheid kan tot samewerkingspogings lei waardeur armoede en die hoë lewenskoste getakel word.</p>


MTOP-priorite	Bydrae van komitee
<b>Prioriteit 3: 'n Bevoegde, etiese en ontwikkelingstaat</b>	<p>Deur inisiatiewe om taal te bevorder dra die Komitee op die volgende maniere by tot hierdie prioriteit:</p> <p>Fasiliteer sosiale insluiting deur respek vir kulturele en taaldiversiteit aan te moedig. Hierdie samehorigheid kan tot 'n meer stabiele en produktiewe werkmag lei.</p> <p>Deur te verseker dat alle inwoners by openbare diskoers betrokke kan raak, toegang tot dienste en deel aan bestuurstoestig het, help die verdelende gapings oorbrug en bemagtig gemarginaliseerde gemeenskappe.</p> <p>Bevordering van die funksionering van regeringsinstellings deur te verseker dat alle beamptes en inwoners doeltreffend kan deelneem en kommunikeer, wat tot meer responsiewe en verantwoordbare bestuurstoestig lei.</p>

## PROVINSIALE BELEIDSKONTEKS

### Provinsiale Strategiese Plan (PSP) 2025-2030

Die Provinsiale Strategiese Plan (PSP) 2025-2030 sit die WKR se strategiese prioriteite en doelwitte vir die volgende vyf jaar uiteen. Dit verskaf oorkoepelende rigting vir regeringsaksie en fokus op mensgerigte uitkomst wat betekenisvolle veranderinge vir inwoners beteken.

## Oorsig van Provinsiale Strategiese Plan 2025–2030







### Provinsiale portefeuljes

Die implementering van die PSP word deur vier provinsiale portefeuljes gedryf. Die portefeuljes is klusters van departemente wat strategiese rigting verskaf en pogings koördineer om programme te implementeer wat met die sleutelprioriteite van die Wes-Kaapse regering belyn is. Hierdie prioriteite span oor die ekonomiese, veiligheids- en sosiale en institusionelebeleidsdomeine.

Die portefeuljes monitor en stuur hoë-prioriteitsprojekte en programme, wat samehorigheid en 'n gekoördineerde benadering tot die bereiking van gedeelde uitkomstes verseker. Elke departement dra by tot een of meer portefeuljes deur geteikende ingrypings te implementeer wat die bedoelde impak van daardie portefeulje ondersteun.

Die vier strategiese portefeuljies is:

	<b>Groei-vir-Werk (G4J)</b>	Die Wes-Kaap bereik deurbraak ekonomiese groei wat vertroue, hoop en geleentheid om te floreer skep.
	<b>Opgeleide, gesonde en sorgsamesamelewing</b>	Elke mens het toegang tot die geleentheid om 'n gesonde, betekenisvolle en waardige lewe in 'n inklusiewe samelewing te lei
	<b>Veiligheid</b>	Die Wes-Kaap is 'n veerkragtige en veilige samelewing.
	<b>Innovering, kultuur en bestuur (IKB)</b>	Die WKR is 'n mensgerigte instelling wat hulpbronne vir dienslewering innoverend, doeltreffend en samewerkend mobiliseer

### Geïntegreerde terreine wat beïnvloed word

Ten einde die doeltreffendheid van regeringsintervensies tot die maksimum te benut volg die PSP 'n benadering van lewenskoers en stelselbenadering. Dit beteken dat beleide en programme die behoeftes en verantwoordelikhede van die inwoners van kindsbeen af tot op 'n hoë ouderdom in ag neem, om te verseker dat regeringsdienste dienoreenkomstig gestruktureer is.



Die PSP bevorder 'n geïntegreerde benadering waar departemente en entiteite saamwerk om die geïntegreerde impak wat vir elk van die vier terreine van die lewensloop omlin is, te bereik.

Hierdie vier terreine van geïntegreerde impak is:

<b>Huishoudings en menslike ontwikkeling</b>	Skep veilige, gesonde omgewings wat lewenslange ontwikkeling en selfgenoegsaamheid bevorder
<b>Samehorige gemeenskappe</b>	Versterk sosiale bande om veilige, sorgsame en veerkragtige gemeenskappe te bou.
<b>Jeugagentskap en gereedheid</b>	Bemagtig jongmense met die vaardighede en geleenthede om in die samelewing deel te neem, toegang tot ekonomiese geleenthede en voortgesette leer.
<b>Ekonomiese en groeigeleenthede</b>	Brei ekonomiese geleenthede uit en bevorder vertroue, hoop en voorspoed.

Daarby takel twee transversale terreine breër strukturele en omgewingsfaktore wat dienslewering vorm en mense oor die hele lewensloop bemagtig:

<b>Veerkragtigheid van hulpbronne</b>	Skep veilige, en gesonde omgewings wat lewenslange ontwikkeling en selfgenoegsaamheid bevorder
<b>Ruimtelike transformasie, infrastruktuur en mobiliteit</b>	Versterk sosiale bande om veilige omgee- en veerkragtige gemeenskappe te bou.

### Departement se belyning met die fokusareas van die PSP

Die PSP sit areas uiteen wat met sy portefeuljes en terreine van geïntegreerde impak belyn is. Elke departement belyn sy Strategiese Plan met hierdie fokusareas om 'n gekoördineerde benadering tot de bereiking van provinsiale prioriteite te verseker.

Sleutfokusareas van die WKTR sluit in:

 <b>Growth for Jobs</b>	 <b>Safety</b>	 <b>Educated, Healthy &amp; Caring Society</b>
Toegang tot indiensneembaarheid en ekonomiese geleenthede	Veilige en samehorige gemeenskappe en infrastruktuur Doeltreffende en responsiewe wetstoepassing	Verhoogde jeugveerkragtigheid, openbare, opvoedkundige en ekonomiese deelname

Die bydrae van die Komitee tot die PSP-portefeuljes is as volg:

#### Groei-vir-Werk

Die bevordering van veeltaligheid fasiliteer sosio-ekonomiese ontwikkeling, eenheid en die behoud van onderwys. Taalbevordering verseker dat gemeenskappe, en veral mense met gestremdhede, in ekonomiese geleenthede ingesluit word. Deur gemeenskappe aan te moedig om hulle eie tale te gebruik en te ontwikkel word hulle bemagtig om aan ekonomiese en sosiale aktiwiteite deel te neem. Die sin van eienaarskap kan tot groter betrokkenheid in plaaslike ekonomieë lei.

#### Veiligheid

Taal bevorder duidelike en oop lyne van kommunikasie tussen wetstoepassing en gemeenskappe en kan vertroue bou, samewerking aanmoedig en tot meer doeltreffende misdaadvoorkomingstrategieë lei. Taal is die sleutel om gemeenskappe oor die oorsake van misdaad, die belangrikheid van konfliktoplossing en die voordele van sosiale samehorigheid op te voed.

Die Komitee werk al sedert 2022 saam met die Departement van Korrektiewe Dienste en

die Nasionale Biblioteek van Suid-Afrika aan die Funda Mzantsi-program en sal met hierdie vennootskap voortgaan deur aan toekomstige inisiatiewe deel te neem. Hierdie program erken die rol wat taal en lees in die rehabilitasie van oortreders speel. Sulke Programme bevorder veeltaligheid en moedig oortreders aan om te lees en te skryf en waarde te heg aan die idees en denke van ander. Dit help oortreders om hulle gedagtes, gevoelens en ervarings makliker en met groter vryheid uit te druk, wat op sy beurt emosionele verwerking en heling in die hand werk. Dit help ook om nuwe vaardighede en kennis te bekom, wat indiensneembaarheid verhoog en die geneigdheid om in misdadige gedrag terug te val, verminder.

### **Welsyn**

Taal is 'n sleutelkomponent van kulturele identiteit. Die behoud van 'n mens se taal kan selfwaarde en 'n gevoel van behoort aan

verhoog, wat wesenlik belangrik is vir sielkundige welsyn. Deur moedertaal te bevorder kan die Komitee geleenthede fasiliteer waar inwoners van die Wes-Kaap bemagtig kan word om hulle lewe en dié van ander te vorm om 'n sinvolle en aardige lewe te verseker. Dit sal tot maatskaplik samehorige gemeenskappe bydra.

### **Opgeleide, gesonde en sorgsame samelewing**

Taal is 'n sleutelkomponent van kulturele identiteit. Die behoud van 'n mens se taal kan eiewaarde en 'n gevoel van behoort bevorder, wat wesenlik belangrik is vir sielkundige welsyn. Deur die bevordering van die moedertaal sal die komitee geleenthede fasiliteer waar inwoners van die Wes-Kaap bemagtig sal word om hulle lewe en dié van ander te vorm om 'n betekenisvolle en waardige lewe te verseker. Dit sal tot maatskaplik samehorige gemeenskappe en 'n opgevoede, gesonde en omgee-samelewing bydra.

## **3. INSTITUSIONELE BELEIDE EN STRATEGIEË OOR DIE VYFJAAR-BEPLANNINGSTYDPERK**

Die belangrikheid van taal word in artikel 6 van die Grondwet van Suid-Afrika, 1996, aangedui. Dit is belangrik om steeds bewusmaking en die implementering van die Wes-Kaapse Taalbeleid en die Gedragskode vir Taal, soos dit in die Grondwet as 'n mensereg verskans en deur nasionale en provinsiale wetgewing beskerm is, te bevorder is, te bevorder.

Taal is 'n belangrike kommunikasiemiddel wat sukses in opvoeding kan meebring, wat op sy beurt weer 'n impak op sosiale samehorigheid en al die strategiese prioriteitsterreine van die regering het. Daarby is die diversiteit van

ons kulture en die kennis van ons onderskeie gemeenskappe in taal ingebed en is dit dus as sodanig krities belangrik vir die oordrag van kulture en waardes van die geslag tot geslag.

Die WKTK is op 1 Junie 2001 in terme van die Wet op die Bestuur van Openbare Finansies, 1999, as 'n Skedule 3, Deel C provinsiale openbare entiteit gelys. Die Komitee is onder die strategiese leiding van die minister as die uitvoerende gesag en doen via die hoof van die Departement van Kultuursake en Sport verslag. Sy prestasie word deur die DKSS gemoniteer.

## **4. TERSAAKLIKE HOFBESLISSINGS**

Nie van toepassing nie

## 5. VISIE

Die bemagtiging van al die mense van die Wes-Kaap, die verbetering van menswaardigheid deur onderlinge respek vir taal en die bevordering van veeltaligheid.

## 6. MISSIE

Om die gebruik van die drie amptelike tale van die Wes-Kaap te monitor; om die implementering van die Wes-Kaapse Taalbeleid te monitor en om die LUR wat met taalkwessies getaak is en die pan-Suid-Afrikaanse Taalraad oor taalsake in die provinsie, of wat die provinsie beïnvloed, van raad te bedien.

## 7. WAARDES

Sorgsaamheid, bekwaamheid, aanspreeklikheid, integriteit, innovering en responsiwiteit.

## 8. SITUASIONELE ONTLEDING

### 8.1 Ontleding van eksterne omgewing

#### POLITIEKE FAKTORE

Die Wysigingswet op die 18de Amendement van die Grondwet is in 2023 deurgevoer. Die wet het artikel 6(1) van die Grondwet van Suid-Afrika, 1996 gewysig, en voorsiening gemaak vir SAGT as die twaalfde amptelike taal. Dit het standaardtoestande vir die bevordering van SAGT en ook vir die bewusmaking van die behoeftes van dowes geskep. Dit is 'n groot verbetering om aan die behoeftes van gemarginaliseerde groepe te voldoen.

Die bevordering van Afrikatale speel 'n belangrike rol in die verbetering van toegang tot markte en die fasilitering van die sukses van vryhandelsooreenkomste oor die Afrika-komponent heen. Die bevordering van inheemse Afrikatale kan inklusiwiteit bevorder, streeksintegrasie versterk en ekonomiese groei ondersteun.

#### EKONOMIESE FAKTORE

Swak strukturele groei en die Covid-19-pandemie het sosio-ekonomiese uitdagings sterker na vore gebring. Begrotingsbeperkings het fondse vir taalopvoeding, -leerstof en programme verminder, wat taalontwikkelingspogings beïnvloed het. Die Komitee sal sy mandaat deur middel van 'n Bestuurde Netwerkbenadering uitvoer deur met ander belanghebbendes saam te werk. Hierdie benadering sal die deel van hulpbronne beteken, wat tot kostebesparing en verbeterde doeltreffendheid sal lei. Samewerking met betrekking tot die bevordering, ontwikkeling en bewaring van taal verskaf ook geleenthede vir die benutting van vennootskapnetwerke en toenemende beïnvloeding, wat dit makliker maak om voorspraak vir gedeelde doelwitte en die verbetering van volhoubaarheid te maak deur teikens en strategieë te belyn, wat op hulle beurt tot meer duurzame uitkomst lei.

#### MAATSKAPLIKE FAKTORE

Die Algemene Vergadering van die Verenigde Nasies het 2022 tot 2032 as die internasionale dekade vir inheemse tale, verklaar en só die belangrikheid van die behoud en bevordering van inheemse tale uitgelig en wêreldwye aandag op die kulturele en taaldiversiteit van inheemse tale gevestig.

Volgens die jongste sensus deur Statistieke Suid-Afrika in 2022, is IsiXhosa, wat deur 16,3 persent van die bevolking gepraat word, die tweede mees gebruikte huistaal oor die land heen, met 31,4 persent van die sprekers wat in die Wes-Kaap woon. Afrikaans is die huistaal van 10,6 persent van die inwoners van die land, met 41,2 persent van die sprekers wat in die Wes-Kaap aangetref word. Minder as 8,7 persent van Suid-Afrikaners praat Engels as hulle moedertaal, en tog is dit steeds die primêre kommunikasiemiddel in die land. Deur opvoeding in moedertale aan te bied, sal meer individue toegang tot leer hê, wat die vlakke van geletterdheid en opvoedkundige uitkomst sal verbeter.

Die programme van de Komitee sal die bevordering van voorheen gemarginaliseerde tale in die provinsie insluit. Die Komitee sal tot die bereiking van die volhoubare ontwikkelingsdoelwitte, en dan veral dié wat met gehalte-onderrig, vermindering van ongelikheid en die bevordering van vreedsame en inklusiewe gemeenskappe, bydra deur groter bewusmaking van die belangrikheid van inheemse tale te beklemtoon en die bewaringsinisiatiewe te ondersteun.

### TEGNOLOGIESE FAKTORE

Die koms van die vierde industriële revolusie verskaf geleenthede om na nuwe tegnologieë vir innovering in die taaldomein te kyk. Die Komitee sal saam met die Taaldienseenheid van die DKES wek om geleenthede te benut om 'n vertalingshulpmiddel vir taalpraktisyns van die WKR bekend te stel.

### WETLIKE EN REGULATORIESE OMGEWING

Die Agtiende Wysigingswet op die Grondwet is in 2023 deurgevoer. Die Wet het artikel 6(1) van die Grondwet 1996 gewysig, waardeur SAGT as die 12de amptelike taal van die land erken word. Dit skep standaardtoestande vir die bevordering van SAGT en maak bewusmakingsvoorstelle rakende die behoeftes van die dowe gemeenskap. Die Komitee sal met die DKES, PanSAT en ander organisasies wat op die behoeftes van die dowe gemeenskap fokus, saamwerk om opleiding in Suid-Afrikaanse Gebaretaal (SAGT) vir die WKR-personeel en inwoners in gemeenskappe in werking te stel.

### OMGEWINGSFAKTORE

Suid-Afrika word tans met 'n klimaatkrisis gekonfronteer, met veelvoudige rampe weens 'n tempo van aardverhitting wat dubbel dié

van die globale gemiddelde is. Uitdagings soos hierdie kan tot onstabiliteit in gemeenskappe bydra en die bestaande sosiale kwessies verder vererger. Die bevordering van veeltaligheid kan sosiale samehorigheid verbeter deur respek en begrip tussen diverse etniese en taalgroepe te bevorder. Dit is deurslaggewend belangrik vir vrede, solidariteit en stabiliteit. Taal kan beter kommunikasie in omgewings- en sosiale kwessies fasiliteer en só gemeenskappe help om by volhoubare praktyke betrokke te raak.


## 8.2 Ontleding van interne omgewing

### Menslikehulpbronprofiel

Die Komitee is in ooreenstemming met artikel 6 van die Wes-Kaapse Wet op Provinsiale Tale, no. 13, 1998, in die lewe geroep. Kragtens die wet word lede van die Komitee vir 'n termyn van drie jaar aangestel. 'n Maksimum van 11 lede mag vir die Komitee aangestel word, en lede word deur middel van 'n openbare nominasie- en kortlysproses wat deur die tersaaklike komitee in die wetgewer gefasiliteer is, aangestel, waardeur die aanstelling deur die provinsiale minister goedgekeur word. Die huidige komitee is op 1 Februarie 2022 ingestel en hulle termyn verstryk op 30 April 2025.

Die komitee is die verantwoordelike gesag van die entiteit en is verantwoordelik vir alle bestuurstoestig-verwante sake ingevolge artikel 49 tot 57 van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur (WOFB), 1999. Daar is op 10 Februarie 2022 besluit dat die voorsitter, ingevolge artikel 56 van die WOFB, namens die openbare entiteit die verantwoordelikheid van die Rekenpligtige Gesag sal vervul. Indien die voorsitter nie beskikbaar is nie, sal die ondervoorsitter dié verantwoordelikheid vervul.

Die organisatoriese omgewing waarbinne die Komitee bedryf word, word deur die onderstaande organogram geïllustreer:



Ingevolge artikel 17 van die Wes-Kaapse Provinsiale Talewet, 1998, verskaf beamptes in die Taaldienskomponent van die DKES administratiewe steun aan die WKTK. Die administratiewe werk behels die verskaffing van inhoud en prosedurele steun en die bestuur van alle reëlins wat nodig is vir die doeltreffende funksionering van die Komitee. Finansiële bestuursteunfunksies word deur die personeel in die DKES se Finansiële entiteitondersteuningskomponent gelewer.

Alle administrasie-verbante dokumente van die WKTK word by die taaldienseenheid gehou, terwyl finansiële dokumente die verantwoordelikheid van die Finansiëleentiteitondersteuningskomponent is. Die Komitee

se dokumente word in lyn met die IKT-innovering vir verbeterde doeltreffendheid en responsiwiteit ter wille van veiligheid, maklike opvraging en institusionele geheue op die aanlyn Ondernemingsinhoudbestuur- (OIB)-stelsel gehou. Daarby word vergaderingafsprake en dokumente elektronies met alle lede gedeel.

Komiteeledede is nie voltydse personeel nie, en hierdie feit, saam met die Komitee se klein bedryfsbegroting kan beperkings op die aantal projekte plaas wat die Komitee kan voltooi. Hierdie uitdagings sal versag word deur samewerking met en steun van die taaldienseenheid en ander taalorganisasies, wat die Komitee in staat kan stel om sy mandaat uit te voer.

## 9. INLIGTING OOR INSTITUSIONELE PRESTASIE

### 9.1 Meting van die impak

#### Impakverklaring

Die Wes-Kaapse Taalkomitee streef deur sy bedrywighede daarna om individue deur taal te bemagtig en tot die skep van inklusiewe en samewerkende gemeenskappe by te dra.

### 9.2 Meting van uitkomst

Utkoms	Utkomsaanwyser	Basislyn	Vyfjaarteiken
Maatskaplike insluiting en lewenslange ontwikkeling word deur platforms bevorder wat toegang tot kennis en betrokkenheid versterk, wat tot meer inklusiewe en bemagtigde gemeenskappe lei.	Verbeterde gebruik en erkenning van die drie amptelike tale en gemarginaliseerde inheemse tale in die Wes-Kaap, verbeter toegang tot kennis, bevorder betrokkenheid, en bevorder maatskaplike insluiting vir diverse gemeenskappe.	8	40

### 9.3 Verduideliking van beplande prestasie oor die vyfjaarbeplanningstydperk

Die Komitee se vyfjaarplan sal in bedryf gestel wees in die Bestuurde Netwerkbenadering deur die implementering van die Wes-Kaapse Taalbeleid te implementeer, met spesifieke fokus op die volgende:

- Bevordering van veeltaligheid en geletterdheid.
- Bevordering van SAGT deur die samewerking met belanghebbende agensskappe om gereelde bewusmaking van die behoeftes van die dowe gemeenskap te bevorder.
- Bevordering van die ontwikkeling en verbetering van voorheen gemarginaliseerde inheemse tale van die Wes-Kaap, soos die San en die Khoi.
- Projekte wat op taalopleiding en -ontwikkeling van die WKR-personeel en taalbelanghebbendes fokus deur gesamentlike pogings met die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad en ander verwante instellings.
- Vennootskappe met akademiese instellings om toegang tot taalkundekenners, navorsingshulpbronne en opvoedkundige leerstof te verkry om sodoende pogings te versterk om taal te bevorder.
- Viering en bevordering van niestandaard-dialekte in die Wes-Kaap.
- Voortbou op projekuitkomst oor die rol van taal in die vorming van kulturele identiteit van die vorige Komitee.
- Viering en bevordering van betekenisvolle nasionale en internasionale taaldatums. Dit sluit in: Internasionale Moedertaaldag (21 Februarie), Wêreldboeke- en kopieregdag (23 April), Geletterdheidsdag (8 September), Dag van Gebaretaal (23 September), Erfenisdag (24 September) en Vertalingsdag (30 September).

Die Komitee sal voortgaan om sy bydrae tot en belyning met die uitkomst van die DKES te assesser betreffende die versekering dat sosiale insluiting en lewenslange ontwikkeling deur platforms bevorder word wat toegang tot kennis en betrokkenheid verbeter. Dit sal tot meer inklusiewe en bemagtigde gemeenskappe

lei, wat op sy beurt tot die bereiking van die MTOP-fokusareas bydra. Bespreking sal rondom uitsette en vorige projekte en die evaluering van toekomstige projekte wentel wat met die mandaat van die Komitee en die Departement verband hou.

## 10. SLEUTELRISIKO'S EN -VERSAGTINGS

Uitkoms	Sleutelrisiko	Risikoversagting
Sosiale insluiting en lewenslange ontwikkeling word deur platforms bevorder wat toegang tot kennis en betrokkenheid versterk, wat tot meer inklusiewe en bemagtigde gemeenskappe lei.	Swak implementering van die Wes-Kaapse Taalbeleid deur provinsiale regeringsdepartemente.	Bevorder die implementering van die provinsiale taalbeleid.
	Onvoldoende hulpbronne om uitvoering te gee aan die mandaat.	Samewerking met entiteite wat soortgelyke mandate het, bv. PanSAT.

## 11. OPENBARE ENTITEITE

Nie van toepassing nie

<b>Aanwysertitel</b>	Verhoogde gebruik en herkenning van die drie amptelike tale en gemarginaliseerde inheemse tale van die Wes-Kaap, verbetering van toegang tot kennis, bevordering van betrokkenheid en die bevordering van maatskaplike inklusiwiteit vir diverse gemeenskappe
<b>Definisie</b>	Projekte gefasiliteer en byeenkomste aangebied om die implementering van die Wes-Kaapse Taalbeleid te bevorder
<b>Databron</b>	Inligting verskaf deur die departemente/programme van gebeurlikhede
<b>Berekenings/ assesseringsmetode</b>	Kwantitatiewe telling van aanwysers: 1.1 Getal aktiwiteite wat die implementering van die Wes-Kaapse Taalbeleid bevorder 1.2 Getal projekte wat inheemse tale bevorder 1.3 Getal formele byeenkomste om die Wes-Kaapse taalbeleid te implementeer
<b>Aannames</b>	Samewerking met ander belanghebbendes in die taaldomein sal 'n groter impak op die bereiking van uitkomstse verseker
<b>Uiteensetting van begunstigdes</b>	Teiken vir vroue: N.v.t. Teiken vir kinders: N.v.t. Teiken vir die jeug: N.v.t. Teiken vir mense met gestremdhede: Die dowe gemeenskap.
<b>Ruimtelike transformasie</b>	Prioriteite van ruimtelike transformasie: Geen Beskrywing van ruimtelike impak: Geen
<b>Gewenste prestasie</b>	<input type="checkbox"/> Bo teiken <input checked="" type="checkbox"/> Op teiken <input type="checkbox"/> Onder teiken
<b>Verantwoordelik vir aanwyser</b>	Verantwoordelikhedsbestuurder



Western Cape Government



Western Cape Language Committee  
Wes-Kaapse Taalkomitee  
IKomiti yeeLwimi yeNtshona Koloni



Western Cape Language Committee

# Strategic Plan 2025/26 – 2029/30



# CONTENTS

- EXECUTIVE AUTHORITY STATEMENT ..... 50
- ACCOUNTING AUTHORITY STATEMENT ..... 51
- OFFICIAL SIGN-OFF ..... 52
- ACRONYMS..... 53

## **PART A: OUR MANDATE ..... 54**

- 1. Constitutional mandate ..... 54
- 2. Legislative and policy mandates..... 55
  - 2.1. Legislative mandates ..... 55
  - 2.2. Policy mandates..... 57
- 3. Institutional Policies and Strategies over the five-year period..... 64
- 4. Relevant court rulings ..... 64

## **PART B: OUR STRATEGIC FOCUS ..... 65**

- 5. Vision..... 65
- 6. Mission..... 65
- 7. Values ..... 65
- 8. Situational Analysis..... 65
  - 8.1. External Environment Analysis ..... 65
  - 8.2. Internal Environment Analysis..... 66

## **PART C: MEASURING OUR PERFORMANCE ..... 68**

- 9. Institutional Performance Information..... 68
  - 9.1. Measuring the Impact..... 68
  - 9.2. Measuring Outcomes ..... 68
  - 9.3. Explanation of Planned Performance over the Five-Year Planning Period..... 68
- 10. Key Risks and Mitigations..... 69
- 11. Public Entities ..... 69

## **PART D: TECHNICAL INDICATOR DESCRIPTIONS.....70**

## EXECUTIVE AUTHORITY STATEMENT

The Western Cape Language Committee (WCLC) is at the forefront of preserving and advancing the linguistic diversity of our province, recognising that language is a vital thread that weaves together identity, community, and opportunity.

This 5-year Strategic Plan reflects our commitment to aligning the Committee's work with the Provincial Government's priorities. Through language, we aim to contribute meaningfully to economic growth, public safety, and the overall well-being of our residents.

